

## Dag 14 – Die Avondmaal (Donderdagaand)



Die skildery hierbo word die “Laaste ete” of “the “Last Supper” genoem. Dis ‘n baie bekende skildery deur Leonardo da Vinci wat die laaste ete uitbeeld wat Jesus met sy dissipels gehad het voor hy gekruisig is. Dit was ook tydens hierdie ete wat Jesus hul vertel het wie hom gaan verrai.

Vandag gaan ons ook saam eet. Dek die tafel mooi en kry die volgende gereed:

- ‘n Bybel
- ‘n skottel met water en ‘n handdoek
- ‘n kers / kerse
- ‘n maaltyd

“Avondmaal” beteken dieselfde as “Nagmaal”. Dit beteken eenvoudig “Aandete”. Die nagmaal het begin met Jesus se laaste aandete saam met sy dissipels. Maar dit was nie ‘n gewone aandete nie. Dit was Paasfees. By hierdie ete het Jode teruggedink aan die volk Israel se laaste aandete in Egipte, voordat God hulle uit slawerny bevry het. By hierdie Paasfeesete, hierdie laaste aandete van Jesus saam met sy dissipels, het Jesus met sy dissipels gepraat.

**Woord:** Johannes 13:1-15

Jesus het van die tafel af opgestaan en water in ‘n skottel gegooi en sy dissipels se voete begin was. Toe Jesus by Petrus kom, het Petrus vir Hom gesê: “Here, gaan u my voete was?” “Jy verstaan nie wat Ek doen nie, maar eendag sal jy,” het Jesus geantwoord.

## Durbanville Gemeente - Bybelstudie vir families

“Nee,” het Petrus beswaar gemaak. “U kan nie my voete was nie.”

“As Ek nie jou voete was nie, sal jy nie aan My behoort nie,” het Jesus gesê.

“Was dan my hande en my kop ook, Here, nie net my voete nie,” het Petrus uitgeroep.

“Iemand wat reeds gebad het, hoef net sy voete te was; die res van sy lyf is skoon. Jy is skoon, maar nie almal van julle is skoon nie.” Jesus het dit gesê omdat Hy geweet het Judas sou Hom verrai.

Jesus het op sy plek gaan sit en vir sy dissipels gevra: “Verstaan julle wat Ek so pas vir julle gedoen het? Julle noem my ‘Leermeester’ en ‘Here’. Julle is reg, want dit is wat Ek is. Noudat Ek julle voete gewas het moet jul ook mekaar se voete was.”

### Was hande

Vat die skottel met water en die handdoek.

Was mekaar se hande.

Dink daaraan dat Jesus jou hande was.



**Woord:** Johannes 13:36 – 14:7

Na die ete wou Jesus by die Olyfberg gaan bid. Die plek se naam was Getsemane genoem. Op pad daarheen het Jesus vir sy dissipels gesê: “Julle almal sal My in die steek laat.” “Petrus,” het Jesus vir hom gesê, “Ek sê vir jou, vannag nog, voordat die haan twee keer gekraai het, sal jy My drie keer verrai het.”



### Steek die kerse aan

Dink daaraan dat Jesus by ons is in onseker tye. Jesus is die Weg vir ons, wanneer ons nie weet hoe die pad vorentoe lyk nie. Jesus stap die pad elke tree saam met ons.

**Woord:** Johannes 15:9-17

“Die Vader is lief vir My. So is Ek ook lief vir julle. Julle moet vashou aan my liefde, my liefde moet vir julle baie belangrik wees. Ek het vir julle gewys hoe lief Ek vir julle is. Nou gee Ek vir julle ’n wet: Julle moet ook so lief wees vir mekaar.

## Durbanville Gemeente - Bybelstudie vir families

Julle het My nie gekies nie, Ek het julle gekies. Ja, Ek het julle gekies en aangestel om vrugte te dra, vrugte wat nie sleg word nie. Dan sal die Vader vir julle alles gee as julle dit vra omdat julle aan My behoort. Ek sê vir julle: Julle moet lief wees vir mekaar.”

### Eet die maaltyd

Sit mooi musiek aan en geniet die ete. Jesus wou graag sy laaste ete saam met sy dissipels geniet.



### Na die ete

**Woord:** Johannes 17:1-3

Jesus het dit alles vir die dissipels gesê, en daarna het Hy opgekyk na die hemel en gebid. Hy het gebid: “Vader, die tyd het nou gekom. Nou moet U vir die mense wys dat Ek ook God is. Dan kan Ek ook weer vir die mense wys dat U God is.

U het gesê Ek regeer oor al die mense. Daarom kan Ek die ewige lewe gee vir die mense wat U vir My gegee het.

As hulle die ewige lewe het, dan beteken dit hulle ken U, die enigste ware God, en hulle ken My, Jesus Christus, U het My na die wêreld gestuur.

### Gebed

Bid vir jousef, vir jou geliefdes, ons land en die wêreld.

### Blaas die kerse dood

Wanneer julle klaar is, kan die kinders ook die storie kyk van die “Die Laaste Ete”

(video van storie: <https://www.bible.com/af/kids>)

